# LAERSKOOL VREDENBURG PRIMARY SCHOOL

Skoolstraat 1, Vredenburg, 7380 Tel.: 022-713 1161/2
E-POS: vredenburgls@mweb.co.za
Volg ons op FACEBOOK en besoek ons WEBBLAD vredenburgls.co.za

OMSENDBRIEF 3/2026 [2026.06.26]

## UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Skooldag 54 van die tweede kwartaal – **ons het dit gemaak!** Die gejaag en vol programme wat ons dryf moet asseblief net nooit ten koste van ons kinders se emosionele welstand en ontwikkeling wees nie. 'n Kind met **WAARDES** is veel meer werd as 'n kind met 'n **WEN**.



KINDERS LEER SOOS HULLE LEWE

As 'n kind met kritiek saamleef leer hy om te verdoem.
As 'n kind met vyandigheid saamleef leer hy om te baklei.
As 'n kind met bespotting saamleef leer hy om sku te wees.
As 'n kind met skande saamleef leer hy om skuldig te voel.
As 'n kind met **VERDRAAGSAAMHEID** saamleef leer hy om geduldig te wees.
As 'n kind met **AANMOEDIGING** saamleef leer hy om vertroue te hê.
As 'n kind met **LOF** saamleef leer hy om te waardeer.
As 'n kind met **BILLIKHEID** saamleef leer hy om geloof te hê.
As 'n kind met **GOEDKEURING** saamleef leer hy om van homself te hou.
As 'n kind met **AANVAARDING** en **VRIENDSKAP** saamleef leer hy om liefde in die wêreld te ontdek. *(Outeur onbekend)*

Graag kommunikeer ons 'n paar veranderinge in ons program en verwoord ons ons doelwitte wat ons visie en missie by Laerskool Vredenburg aanbetref. Die **KIND** is ons kliënt en alles wat ons doen sal **ALTYD IN HULLE BESTE BELANG WEES.**




Vriendelike groete.

Nicoleen Loubser (SKOOLHOOF)



## SKOOLPROGRAM EN TYE

**Die skoolure vir die derde kwartaal van 2026 VERANDER VIR GRAAD 1 EN 2.**

- ✓ DISSIPLINE begin met stiptelikheid.
- ✓ DIE SKOOL BEGIN VIR ALLE LEERDERS STIPTELIK OM 07:45.
- ✓ Die SA skolewet definieer dat kinders tussen die ouderdom van 7- en 16 jaar **SKOOLPLIGTIG** is en vanaf die **eerste tot die laaste dag van elke kwartaal** skool moet bywoon.
- ✓ **KRONIESE AFWESIGHEID**, sonder grondige rede, lei dikwels tot onderprestasie, angs en die wegval van vriendskappe.

## HERSIENE SKOOL- EN BUITEMUURSE PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 1** | Maandae en Woensdae | **Skool sluit om 13:00.** |
| | Dinsdae en Donderdae | **Skool sluit om 13:45.** |
| | Vrydae | **Skool sluit om 13:15.** |
| **Graad 2** | Maandae en Woensdae | **Skool sluit om 13:45.** |
| | Dinsdae en Donderdae | **Skool sluit om 13:15.** |
| | Vrydae | **Skool sluit om 13:15.** |
| **Graad 3** | Maandae tot Donderdae | **Skool sluit om 14:00.** |
| | Vrydae | **Skool sluit om 13:15.** |
| **Graad 4 – 7** | Maandae tot Donderdae | **Skool sluit om 14:15.** |
| | Vrydae | **Skool sluit om 13:30.** |

Na baie navorsing, gesprekke met ander skole en die ervaring en kennis van ons eie personeel **hersien ons Laerskool Vredenburg se buitemuurse program** en gee ons **duidelike riglyne of doelwitte** wat junior sportontwikkeling en deelname aanbetref:

1. **MASSA DEELNAME** is ten doel om geleenthede tot ontwikkeling te skep. Nie almal wat opdaag vir 'n oefening, se vaardighede en kennis voldoen aan die nodige vereistes om aan wedstryde deel te neem nie.
2. **WEDSTRYDE** op 7-9 jarige vlak is nie eers veronderstel om aan tellings of die wenmotief gekoppel te word nie, maar kinders bars in trane uit as ons "verloor".
3. **OOP KOMMUNIKASIE KANALE** was nog altyd ten doel om alle ouers ingelig te hou, nie om 'n platvorm te skep waarop kritiek, uitdagende vrae of konflik aangehits word nie.

Graag verwys ek na verskeie aktuele temas in die media – nasionaal en internasionaal: **SPORT NEEM SKOLE OOR**

- ✓ **FEDSAS** (Die federasie vir Skoolbeheerliggame) het 'n webinaar aangebied om skole te waarsku teen wetgewing rondom "BEURSE" vir presterende sportleerders. Ek was verstom en teleurgesteld oor hoe **integriteit en die beskerming van kinderregte ondergeskik** gestel word aan sportbelang en die drang om te wen.
- ✓ Changing the Game, geskryf deur John O'Sullivan, is 'n briljante boek (vanuit 'n eerste wêreld) oor hoekom **70% van kinders voor die ouderdom van 13 hulle deelname aan georganiseerde sport staak.** Ek haal vir u die vyf grootste redes aan:





1. ***It's no longer fun*** *due to the expectations of various role players (parents, coaches and teammates).*
2. ***They have lost ownership of the experience*** *due to various role players (parents, coaches and teammates) having different reasons or motivations for playing.*
3. ***Playing time*** *– 90% of children would rather play on a losing team than sit the bench on a winning team.*
4. ***They are afraid to make mistakes*** *– various role players (parents, coaches and teammates) criticise.*
5. ***They feel disrespected*** *– lack of respect and encouragement by various role players (parents, coaches and teammates).*

**HOE GAAN ONS SPORT IN DIE TOEKOMS BESTUUR?**

| | |
|---|---|
| o/7 en 0/8<br>**HOKKIE, NETBAL EN RUGBY** | Tydens hulle KINDERKINETIKA, in kontaktyd, sal spelers geïdentifiseer word vir ekstra oefening. **Spelers wat dus oor die nodige vaardighede en kennis van die spel beskik sal voorkeur geniet.** |
| 0/9 – 0/13<br>**HOKKIE** | Maandae – **Wedstryddag**<br>Dinsdae – Fiksheid en vaardighede<br>Woensdae – Oefendag |
| 0/9 – 0/13<br>**NETBAL EN RUGBY** | Dinsdae – Oefendag<br>Woensdae – Fiksheid en vaardighede<br>Donderdae – **Wedstryddag** |
| **U sal 'n hersiene sportprogram op Dinsdag, 21 Julie 2026 ontvang.** | |

# FINANSIES



Die Skoolbeheerliggaam se visie is:

Laerskool Vredenburg is verbind tot uitnemende onderwys met morele waardes en beginsels sodat elke leerder holisties kan ontwikkel.

**DANKIE AAN OUERS WAT GETROU HUL SKOOLFOOIE BETAAL.** Let daarop dat slegs 27 van die 40 onderwysers by Laerskool Vredenburg deur die WKOD besoldig word en 'n addisionele 4 algemene werkers en 3 administratiewe beamptes word ingekoop om ons standaarde te handhaaf. **Ons is ongelooflik trots op die geboue en fasiliteite, asook die geleenthede wat hier geskep word.** Min skole kan die gehalte van onderrig en die verskeidenheid geleenthede vir deelname teen slegs R1 250 per maand bied!

# SPORTVERSLAG

Ons sportprogram lewer top gehalte sportsterre:

**NETBAL**

**Abbey Coraizen** (11-jarige) en **Deonne Samuels** (12-jarige) is opgeneem in die Weskus-netbalspanne wat 15 – 18 Julie aan die Interdistrikstoernooi in Bredasdorp deelneem.

**HOKKIE**

**Elliot du Toit** (12-jarige) is opgeneem in die Boland-IPT hokkie span wat 27 Junie – 1 Julie in Johannesburg aan die nasionale toernooi gaan deelneem.

**Ethan du Toit** (12-jarige) is opgeneem in die Boland-Pinotage-span en **Charl van Heerden** en **Joel Ross** (13 jariges) is opgeneem in die Boland-Shiraz-span wat vanaf 28 Junie – 1 Julie in Paarl aan die streekstoernooi gaan deelneem.

**Stefan Engelbrecht** is opgeneem in die Boland 5's span (14-jarige) wat aan die Winterspele (Oos-Kaap) gaan deelneem.

**RUGBY**

**Liam Laubscher** (13-jarige) verteenwoordig die Wes-Boland-rugbyspan by die finale rondte Boland proewe.

**TENNIS**

**Allan Olwagen** (12-jarige) neem deel aan die tweede rondte Weskus-tennisproewe.

**KRIEKET**

**Yane Human** (12-jarige) is opgeneem in die Daisies-T20-krieketspan en **Tristan Smit** (14-jarige) is opgeneem in die Guardians-T20-krieketspan. Die toernooie vind vanaf September tot Desember 2026 plaas.

# KULTUUR – PERSONEELKONSERT

**"Lag en die wêreld lag saam, huil en jy huil alleen."**

Dankie vir die liefde, waardering en positiewe terugvoer wat uit hierdie "spanboupoging" gevloei het – ons weet dat dit nie maklik is om in vandag se tyd OUERS te wees nie. **Dit is ook nie maklik om 'n ONDERWYSER te wees nie.**



















# KOMMUNIKASIE

Ons verstaan dat ouers self 'n professionele lewe het en ook gesinne bestuur, so ook ons personeel. Kom ons **RESPEKTEER** dus die volgende riglyne:



- ✓ **Mits dit 'n noodgeval is, geen WhatsApps of oproepe voor 06:30 soggens of ná 19:00 saans nie.**
- ✓ Indien u nie binne 24 uur terugvoer vanaf die betrokke onderwyser kry nie, kan u hulle weer nader. Geen terugvoer binne 48 uur nie, dan kan u die kantoor skakel.
- ✓ **As 'n ouer oningelig voel, is hy of sy beslis nie op die regte WhatsApp-groep(e) nie.**

# AKADEMIE – TOP 10

Uitnemendheid in **ONDERRIG** en **LEER** is primêr die doel en funksie van LAERSKOOL VREDENBURG. Sommige leerders benut eenvoudig elke leergeleentheid:



**GRAAD 4**

| | |
|---|---|
| 1 | **COMBRINCK, ALEXIS** |
| 2 | **VAN NIEKERK, MIA** |
| 3 | **HILL, DEVAN** |
| | STEENKAMP, JEAN LOUIS |
| 4 | GOUWS, ELOREES |
| 5 | DE RAEDT, SKYLER |
| 6 | JACOBS, LIENKE |
| 7 | LOURENS, LIEKE |
| 8 | VAN BLERK, MICAH |
| 9 | KHUSELO, LULO |
| 10 | MOHAMED, CULLEN |

**GRAAD 5**

| | |
|---|---|
| 1 | **MATTHEWS, KOURTNEY** |
| 2 | **BEZUIDENHOUT, MARNUS** |
| 3 | **MILSTEIN, AYLA** |
| 4 | PIETERSE, CHRISLU |
| 5 | SWIGELAAR, BRE |
| 6 | FERNANDEZ, ZOE |
| | LOUBSER, JANO |
| 7 | MASON, TAYEGHEN |
| | POTGIETER, ALEXANDER |
| 8 | EIGELAAR, HENDRIK |
| | HAHNE, TAYLOR ANN |
| 9 | FOURIE, NINA |
| 10 | WILLIAMS, MIA |

**GRAAD 6**

| | |
|---|---|
| 1 | **NELSON, ROSSOUW** |
| 2 | **OLWAGEN, ALLAN** |
| 3 | **KAMNQA, ABULELE** |
| 4 | PIENAAR, ANSUNET |
| 5 | HUMAN, YANE |
| 6 | NIEUWOUDT, LIENKA |
| 7 | DERCKSEN, JOHAN |
| 8 | CAMPBELL, ROMAY |
| 9 | LOMBARD, AMORE |
| 10 | KOEKEMOER, CISCA |



**GRAAD 7**

| | |
|---|---|
| 1 | **OLIVIER, GENISA** |
| 2 | **BUYS, MARNUS** |
| 3 | **DU PLESSIS, LUKE** |
| 4 | FOURIE, ANDRIES |
| 5 | THERON, RJ |
| 6 | VAN LILL, AMELIA |
| | VAN ZYL, LANA |
| 7 | ROSS, JESSE |
| 8 | KNUTSEN, ANGELLE |
| 9 | PLAATJIES, CALVIN |
| 10 | LE ROUX, JUAN |

# SKOOLTOELATING 2027

**Graad R, 1 en 8 aansoeke is tans in proses.**




**Aansoeke om van een skool na 'n ander oorgeplaas (transfer) te word, open 3 – 17 Augustus (gr. 2 – 12).**

# PERSONEELAANGELEENTHEDE



**Juffrou Liesl Louw** (gr.R) het op 25 Mei 'n babaseuntjie ryker geraak. Mag hierdie mannetjie vir julle net vreugde bring. Ons bedank **Juffrou Erna Engelbrecht** wat die kraamverlof tydperk vul. **Jou ervaring en liefde is kosbaar!**




Ons groet vandag vir **Juffrou René Basson,** graad 3. Stil-stil het jy 'n groot voetspoor getrap en ons gaan jou **toegewydheid** en **bereidwilligheid** om met enige taak te help, BAIE mis. Ons weet dat Laerskool Stellenbosch 'n juweel ryker raak en dat jy hulle waarskynlik 'n paar goedjies sal kan leer. Mag jy altyd NET JOU BESTE gee!




In die plek van Me. Basson het die Skoolbeheerliggaam reeds 'n nuwe aanstelling gemaak: **Juffrou Shauné Coetzee**. Ons wens haar alle voorspoed toe!

# SKOOLKALENDER 2027



Soos gepubliseer in die Staatskoerant 52178 van 25 Februarie 2025:

| | |
|---|---|
| **KWARTAAL 1** | 13 Januarie – 19 Maart 2027 |
| **KWARTAAL 2** | 6 April – 25 Junie 2027 |
| **KWARTAAL 3** | 20 Julie – 22 September 2027 |
| **KWARTAAL 4** | 5 Oktober – 8 Desember 2027 |

# BELANGRIKE DATUMS DERDE KWARTAAL 2026

| DATUM | DAG | AKTIWITEIT |
|---|---|---|
| 21 Julie | Di. | SKOLE OPEN (buitemuurs begin) |
| 23 Julie | Do. | Ligawedstryde vs **Langebaanweg** (weg) – RUGBY EN NETBAL |
| 28 Julie | Di. | Graad 6 Uitstappie |
| 29 Julie | Wo. | **Ouermiddag/aand (per afspraak)** |
| 1 Aug. | Sa. | **LSV SPORTDAG** |
| 3 Aug. | Ma. | **W**es-**B**oland **E**isteddfod: Junior- en Seniorkore (LS Swartland) |
| 4 Aug. | Di. | |
| 5 Aug. | Wo. | WBE: Spreekkore (gr. 1 – 7) Curro, Langebaan |
| 6 Aug. | Do. | |
| 10 Aug. | Ma. | PUBLIEKE VAKANSIEDAG |
| 15 Aug. | Sa. | **SPORT vs GERICKE (weg)** |
| 17 Aug. | Ma. | WBE: GR. 1- 3 Voordrag (LS Vredenburg) |
| 18 Aug. | Di. | |
| 19 Aug. | Wo. | WBE: Gr. 6 – 7 Voordrag (LS Vredenburg) |
| 20 Aug. | Do. | |
| 24 Aug. | Ma. | WBE: Gr. 4 – 5 Voordrag (HS Hopefield) |
| 25 Aug. | Di. | |
| 25 Aug. | Di. | Graad 3 Uitstappie |
| 2 Sept. | Wo. | SPUR "SHADOW" personeel |
| 10 – 15 Sept. | | **GRAAD 4 – 7 TOETSWEEK** |
| 18 Sept. | Vry. | CIVVIESDAG |
| 21 Sept. | Ma. | **KULTUURAAND** |
| 22 Sept. | Di. | **COLOUR-RUN** (massadeelname) **KULTUURAAND** |
| 23 Sept. | Wo. | Skool sluit 10:45. |

Ten slotte:

Spandeer **kosbare tyd** saam met u kind(ers)! Vandag is reeds 'n geskenk en **voorreg**, môre is geen waarborg.

GENIET U VAKANSIE!

